# Flapteks

Lees die flapteks aan die agterkant van die boek en beantwoord dan die volgende vrae.

1. Wat is die doel van 'n flapteks? (2)
2. Watter soort roman is *Weg*? (1)
3. Op watter ouderdomsgroep is *Weg* gemik? (1)
4. Kyk na die woord "spoorloos".
   4.1 Wat beteken die postmorfeem "loos"? (1)
   4.2 Word "spoorloos" denotatief of konnotatief gebruik? Verduidelik. (1)
   4.3 Haal 'n frase uit die teks aan wat met "spoorloos" kontrasteer. (1)
5. Wat is die funksie van die ellips aan die einde van die sin heel boaan? (1)
6. Wie is die twee hoofkarakters en wat is die verhouding tussen hulle? (3)
7. Hoekom is die polisie nie dadelik agterdogtig toe Niekie wegraak nie? Wat kan jy moontlik hieruit oor Niekie aflei? (2)
8. Gee 'n sinoniem vir "agterdogtig". (1)
9. Dink Zack dat die enigste rede hoekom Niekie hom ignoreer is omdat sy vies is vir hom? (2)
10. Wat laat Zack besef dat daar iets groots met Niekie verkeerd is? (1)
11. Tot watter gevolgtrekking kom Zack? (1)
12. Gee TWEE bewyse uit die teks dat dit 'n baie spanningsvolle verhaal is. (2)

**[20]**

# FLAPTEKS

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Om die leser lus en nuuskierig te maak om die boek te lees. Dit gee die leser ook 'n aanduiding van byvoorbeeld die tema en inhoud sonder om die storie weg te gee. | (2) |
| 2. | Spanningsverhaal vir tieners. | (1) |
| 3. | Tieners, 13-16. | (1) |
| 4.1 | sonder | (1) |
| 4.2 | konnotatief, daar is nie letterlike spore nie | (1) |
| 4.3 | "spoor van leidrade" | (1) |
| 5. | Het haar verdwyning dalk iets met die bakleiery met haar kêrel te doene gehad? | (1) |
| 6. | Niekie en Zack | (2) |
| 7. | Niekie het al voorheen verdwyn sonder om iemand daarvan te sê. Sy is baie selfstandig en iemand wat graag haar eie ding wil doen. | (2) |

8. suspisieus (1)
9. Hy is nie seker nie. Dit kan wees omdat sy vies is vir hom, maar hy is ook bekommerd omdat daar ook ander redes kan wees. (2)
10. Toe hy sien dat haar verfkwaste nog net so staan soos sy dit gelos het, toe is hy eers bekommerd. (1)
11. Hy dink dat sy ontvoer is. (1)
12. "naelbyt-spanningsverhaal"; jy sal tot op die laaste bladsy jou asem ophou. (2)

[20]